

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A
—

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-03-03

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 358

(Bladsye 20 557 - 20 617)

HOF HERVAT OP 3 MAART 1988.

LITHEBE ISHMAEL TAU, v.o.e. (Deur tclk)

MNR. JACOBS : U edele, al die beskuldigdes is by die hof vandag.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mn. Tau, u het vir die hof gesê dat u broer was 'n kandidaat in die verkiesing van November 1983. -- Dit is die waarheid, ja.

Wie was die ander kandidaat wat teen hom gestaan het?
-- Mn. C.M. Koekoe en ander.

Het hy en jou broer teen mekaar gestaan? -- Hulle was(10) leiers van die partye, maar wat eintlik die meeste wyke wou geneem het.

Het hulle in die verkiesing self gestaan as kandidate?
-- Ja.

Er het hulle mekaar geopponeer in dieselfde wyk? -- Ja.
Was dit net die twee kandidate in daardie wyk of was hulle meer as twee kandidate? -- Daar was nog ander mense gewees.

Wat ook gestaan het in dieselfde wyk? -- Ja.
Wie is verkies? -- Koekoe was verkies.
U sê hy was 'n besigheidsman gewees. Wat se besigheid(20) het hy gehad? -- Hy het huurmotors van sy eie.

Wat se besigheid nog? -- 'n Garage.
Winkels? -- Nee, hy het nie 'n winkel nie.
Was sy besigheid op die 11de beskadig? -- By daardie tyd van die 11de het sy garage nie meer gewerk nie.

HOF : Was hy toegemaak? -- Ja.

MNR. JACOBS : U broer en u almal is saam in dieselfde besigheid? Dit is eintlik 'n familiepoging die verskillende besighede wat julle bedryf? -- Ek het my eie besighede apart van hom. Hy het ook sy eie besighede. (30)

Was/...

Was sy besighede op 11 Februarie 1985 beskadig? -- Ja, die besigheid in Kroonstad was beskadig gewees. Die ander besigheid van hom is in Qwa-Qwa.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : As u praat van Kroonstad praat u van Kroonstad of praat u van Seeisoville? -- Ek praat van Seeisoville.

MNR. JACOBS : Op 11 Februarie 1985 was dit - in watter woonbuurte is besighede almal beskadig daardie dag? -- Seeisoville en Phomolong.

Wat van Constantia? -- Nee, ek het nie gehoor daarvan(10) dat daar enige skade daar gedoen was nie.

Wat van die ou lokasie? -- Die ou lokasie het nie meer winkels nie.

Op daardie stadium stel ek dit aan u was daar winkels in die ou lokasie wat oock daardie dag met klippe gegooi was? -- Nee, ek het nie daarvan geweet nie.

En in Constantia ook? -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie.

Nooit daarvan kennis gedra nie? -- Nee.

Ek sal nou-nou daarna terugkom. Ek wil net 'n ander (20) punt aanvat. U sê dat die raadslede het in die winter van 1985 bedank? -- Ja.

Was dit nou in Juliemaand of Augustusmaand of in Junie-maand? -- Ek kan nie met sekerheid sê in watter maand dit was nie.

Maar was dit al diep in die winter in? -- Dit was koud gewees.

Dit was nie hier by Maart of voor Maartmaand gewees nie? -- Nee.

Jy sien, hoekom ek vir u vra is, want Maartmaand of (30) voor/...

voor Maart wat u sê nie kan wees nie, ons het 'n bewysstuk in hierdie hof - ek wil u eerstens verwys na BEWYSSTUK W68 in volume 11. Dit is 'n publikasie met die naam van The Eye en op die voorblad, op bladsy 1 daarvan sien ons dit is The Eye volume 5 nommer 1 gedateer Maart 1985. U sien daar bo staan dit is 'n Maart 1985 uitgawe, hè? -- Ja, ek sien dit.

Dan is daar 'n berig "We do not pay". Die eerste kolom onder daardie berig daar staan in die derde paragraaf "In Seeisoville, Kroonstad, in the Orange Free State four councillors have resigned after the residents put pressure on(10) them to do so." Sal u saamstem as hierdie mense in Maart 1985 alreeds kon rapporteer van vier raadslede wat bedank het, dat jou stelling hierso dat dit in die winter gebeur het heeltemaal verkeerd was? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Hoe sal hierdie mense - kan jy aan enige moontlikheid dink hoe hierdie mense in Maartmaand nog voordat die raadslede bedank het al geweet het vier het bedank? -- Ek weet nie hoe dit gekom het nie.

HOF : Dit is wat hulle noem 'n heldersiende "eye". -- O.

MNR. JACOBS : Is dit nie so dat hierdie mense het nie soos jy vir die hof gesê het omdat hulle met die burgemeester (20) oor sy termyn gestry het bedank nie, maar omdat die inwoners druk geplaas het op hierdie raadslede. Dit is daarom dat hulle bedank het? -- Volgens wat hier geskryf is, is die stelling reg, maar volgens wat hulle vir my gesê het, is hierdie stelling wat hier geskryf is verkeerd.

U sien daar is 'n ander dokument wat sê in C volume 7, Dit is C110, 'n dokument wat by die UDF gekry is, die bylae van daardie een op bladsy 20 sê dat in Seeisoville het vier lede van die raad bedank weens die skoolboikot? -- Dit is nie wat hulle vir my gesê het nie. (30)

Was/...

Was daar 'n skoolboikot gedurende Februarie 1985? -- Ja.

En wat was die redes vir die skoleboikot? -- Die kinders wou die SRC gehad het.

En ook teen die raadslede en teen die raadstelsel gewees het? -- Nee.

Weet jy nie of sê jy dit is nie so nie? -- Ek weet nie.

Was hierdie skoleboikot by al die skole daar in die woonbuurtes, die swartwoonbuurtes in Kroonstad? -- As 'n mens nou op die tydperk moet sê het Bodibeng langer 'n boikot uitgevoer as Kananelo. Kananelo was net vir 'n paar dae gewees. (10)

Het die skoleboikot gelyk begin op 11 Februarie 1985?
-- Ja.

En dit was by al die skole gewees in swartwoonbuurtes in Kroonstad? Ek vra nie hoe lank dit geduur het nie, maar dit was by almal.

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry. Bedoel u met al die skole al die hoërskole of die laerskole ook?

MNR. JACOBS : Die hoërskole? -- Ja, dit het betrekking gehad op al die hoërskole.

Ook op die onderwyskollege daar? -- Nee. (20)

En ook in Constantia die skole in die kleurlingwoonbuurt aldaar? -- Nee.

Die hoërskole daar. Weet u hoeveel hoërskole het aan hierdie skoleboikot deelgeneem? Kan u hulle name vir ons noem? -- Bodibeng, Kananelo. Dit is net die twee hoërskole in Kroonstad.

Is dit nie een in Constantia ook wat deelgeneem het nie? -- In Constantia is daar net 'n "primary" skool.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : En by Phomolong? -- Phomolong is Kananelo. Dit is die hoërskool daar. (30)

MNR. JACOBS/...

MNR. JACOBS : Was daar laerskole wat deelgeneem het aan hierdie skoleboikot? -- Toe hierdie moeilikhede begin het, was die kinders huis toe gestuur deur die onderwysers.

Maar ek vra vir u, het van die laerskole deelgeneem aan die skoleboikot? -- Nee.

Wat se moeilikhed was daar dan dat die onderwysers die kinders huis toe gestuur het? -- Dit is omdat al die woonbuurtes daar deur traangas geaffekteer was.

So, was daar opstote in al die woonbuurtes in Kroonstad, in die swartwoonbuurtes? -- Ja. (10)

En is dit reg dat die leerlinge in die hoërskole was georganiseer deur COSAS om aan hierdie skoleboikot deel te neem? -- Nee.

Nou wie het dit georganiseer? -- Ek weet nie.

Jy weet darem ten minste die opstote was georganiseer om SRC's, studenteraade te kry daar? -- Dit is wat aan my gesê was.

U weet nou nie wie is dit wat organiseer om SRC's, wie die skoliere en die mense organiseer om SRC's te kry nie? -- Nee. (20)

En ook in die onderwysopleidingskollege het AZASO daar georganiseer?

HOF : AZASO of SM?

MNR. JACOBS : AZASO? -- Nee, daardie skool het nie deelgeneem aan die boikot nie.

Was daar nie 'n klipgooiery daardie dag van die 11de by daardie skool by die onderwyskollege en dat die voertuie wat op die perseel was daardie dag was met klippe gegooi en die polisie maats die onderwysers of die lektore uitneem na veiligheid toe nie? -- Nee, ek weet nie. (30)

Is/...

Is dit nie so nie dat hierdie organisasies AZASO en COSAS wat by daardie skole en die onderwyskollege is, het 'n komitee gevorm om die organisasie daar te doen? -- Nee.

Is dit nie 'n komitee van tien wat daar in Kroonstad gevorm was nie? -- Nee, daar was nie so iets nie.

Het jy vir mnr. Daniël George geken? -- Nee, ek het hom nie geken nie.

Jy sien, ek wil u verwys na BEWYSSTUK AAC55. Dit is 'n SASPU National wat by beskuldigde nr. 22 gekry was gedateer Maart 1985. Dit is volume 6 nommer 1 bladsy 4. Sien u (10) daar bo is 'n foto van daardie een begrafnis wat in Kroonstad gehou was? -- Ja, ek sien dit.

Jy het nou die een wat 'n bietjie onduidelik is. Hier in die regterhoek onder, kan jy vir ons sê wie die persoon wat daar is met die bril op? Kan u sê of dit mnr. Bloem is? -- Nee, ek sien nie die persoon mooi nie.

Die persone wat die kis dra of by die kis is, herken u enige van hulle? -- Nee, ek kan hulle nie herken nie.

Kyk daardie eerste kolom, die berig daar "Free State townships rage." Die derde paragraaf van onder af "In (20) Kroonstad COSAS and AZASO, students from three high schools and training college formed a joint organisation to fight for democratic SRC's." Wat sê u daaromtrent? -- Nee, dit is 'n leuen. Daar is nie drie hoërskole in Kroonstad nie.

Was daarso enige huise van lede van COSAS gebrand daar in Kroonstad? Nie gebrand nie, maar aangeval met petrol-bomme, laat ek dit liewers so stel? -- Ek ken nie die lede van COSAS nie.

Weet u of mnr. Bloem se huis aangeval was met petrol-bomme? -- Ja, ek weet. (30)

Jy/...:

Jy sien as ons die laaste paragraaf van daardie kolom lees dan staan dit daar "The houses of local UDF committee member Dennis Bloem's was petrolbombed and he was later detained. COSAS members' homes in Welkom, Kroonstad and Toweto were also bombed." -- Ja, ek sien wat daar geskryf is.

Wat sê u daarvan? -- Nee, dit is nie reg nie.

Was mnr. Bloem se huis nie met 'n petrolbom aangeval nie? -- Dit was aangeval, ja.

Hoe sê jy dan dit is nie die waarheid wat daar staan nie? -- Waarvan ek nie weet nie is waar hulle praat van (10) die huise van COSAS lede. Dit weet ek nie van nie.

Is dit nie so nie dat hierdie organisasies wat by die hoërskole is, COSAS, het by winkeliere gegaan en gereeld daar fondse gekry, bydraes gevra van die winkeliere en ook van u? -- Nee, hulle het nie by my gekom nie.

Weet jy van ander winkeliers wat bygedra het vir hulle fondse? -- Nee, ek weet nie.

Ek wil vir u 'n foto hierso toon. Dit is 'n huis wat gebrand is en ek stel dit aan u dit is die huis van raadslid Nkomonde wat in Phomolong geleë is en dit is afgebrand op(20) die 11de? -- Sover ek weet het Nkomonde se huis aan die brand geslaan na die onluste wat ons van praat.

So, sy huis is aan die brand gesteek? -- Ja, sy huis het gebrand.

En sy huis het gebrand voordat hy bedank het as 'n raadslid? -- Nee, ek kan nie meer so goed onthou nie.

Jy sê hy het na die onluste van die 11de aan die brand geraak. Kan jy vir ons sê hoe lank daarna? -- Ek kan nie meer so goed onthou nie, maar as ek reg is, het ons daarvan gepraat toe hy met my gepraat het oor die moeilikheid wat(30)

hy/...

hy gehad het met mnr. Koekoe.

Want ek wil dit aan u stel daardie foto is geneem op die 11de Februarie 1985? -- Nee, ek het riks van die huis gehoor nie.

En sy huis is aan die brand gesteek deur die oproeriges en daarom het hy bedank en dit is die druk wat die gemeenskap op hom geplaas het? -- Ek weet nie.

Ja, nou weet jy nie. Stem jy saam dit is sy huis op daardie foto? -- Ek het nie gesê dit is sy huis nie. U het vir my gesê dit is sy huis. (10)

Maar ek vra vir u, stem u saam dit is sy huis daardie? -- Ek sal nie kan sê nie, want die huis is nie meer so nie.

Hy is nou beskadig deur brand? -- Ja.

Het u mnr. Nkomonde se huis geken? -- Nie destyds nie, nee. Nou ken die huis, maar destyds nie.

Ek wil vir jou 'n paar foto's wys van Seeisoville en die winkels daar. Die een is mnr. Shabalala se winkel. Is dit mnr. Shabalala se winkel daardie? Ken jy hom? -- Ja, ek ken die winkel.

Die winkel is net naby jou winkel, is dit nie? -- Ja.(20)

En dit is in Seeisoville? -- Ja.

'n Mens kan sien die ruite is stukkend en ook die klippe wat op die stoep lê? -- Ja.

Kan ons daardie foto inhandig?

HOF : Gaan dit ons enigsins help om te sien hoe lyk klippe op 'n stoep en 'n ruit wat stukkend is? Wat bewys dit?

MNR. JACOBS : Ek sal dit nie inhandig nie. Daar is ander foto's wat ek graag aan die getuie wil toon. Ek wil vir u toon wat in Constantia daardie dag gebeur het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is u klaar met die foto met (30)

Shabalala/...

Shabalala se winkel? -

MNR. JACOBS : Ek gaan hom ook nie inhandig nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Maar is u klaar met die getuie?

MNR. JACOBS : Ek is klaar met hom.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : U maak nie die stelling dat dit op 11 Februarie gebeur het nie?

MNR. JACOBS : Ek het dit reeds aan hom gestel dit is op 22 Februarie. Dat die foto op die 11de geneem was. Ek sal dit dan net duidelik maak. Ek stel dit net aan u dat mnr. Nkomonde se winkel - se huis is in Phomolong geleë en hy is(10) op 11 Februarie 1985 aan die brand gesteek? -- Ek weet nie daarvan nie.

HOF : Die foto wat u nou gesien het van Shabalala se winkel is dit soos dit gelyk het op 11 Februarie toe u gaan kyk het?
-- Ja.

MNR. JACOBS : Ek wil net aan u 'n ander foto van Seeisoville toon. Hier is nie 'n naam ongelukkig op die winkel nie. Kan u net vir ons sê wie se winkel is dit? Is dit nie moontlik u winkel daardie nie? -- Nee.

Ken u daardie winkel hoewel u moontlik nie vir ons (20) kan sê wie die eienaar is nie? -- Dit is 'n slaghuis. Die hele plek daar is 'n slaghuis.

Dit is daarom dat ek vir u vra, is dit nie moontlik u slaghuis nie?

HOF : Wie se slaghuis is dit? -- Nee, dit is nie myne nie.

MNR. JACOBS : Is dit 'n slaghuis daar in Seeisoville? -- Ja.

En dit was so beskadig op 11 Februarie 1985? -- Ja.

En die skade was ook die vensters en goed wat stukkend gegooi was? -- By daardie tyd van hierdie voorvalle wat ons van praat, was hierdie slaghuis al vir 'n geruime tyd nie (30) gebruik/...

gebruik nie. Dit het nie gewerk nie.

Maar die ruite is nog stukkend gegooi? -- Ja.

Boithabisong General Dealers is die volgende wat ek aan u wil toon. Ken u daardie winkel en is dit 'n winkel in Seeisoville? -- Ja, dit is 'n winkel in Seeisoville.

Was hy ook op daardie 11de so beskadig gewees deurdat ruite stukkend gegooi was? -- Ja, dit is so.

Spes Bona Kafee. Ek wil dit aan u wys. Dit is ook 'n kafee in Seeisoville? -- Ja, dit is 'n kafee in Seeisoville.

En al die ruite is stukkend gegooi en klippe lê nog (10) op die stoep soos op 11 Februarie 1985? -- Ja.

HOF : Ek het gedink dit is nou gemeensaak hierdie. Wat is die doel van die kruisondervraging?

MNR. JACOBS : Ek sal net hierdie ander aspek dan vat.

HOF : Dit is nou baie interessant om vir hom foto's te wys maar doen dit in u eie tyd.

MNR. JACOBS : Een van die getuies het hierso getuig op 'n stadium dat daar was nie juis klippe in Seeisoville gewees nie.

HOF : Hierdie getuie het gesê daar was klippe. Nou ja, (20) dan het u mos nou getuienis dat daar klippe was, baie ook.

MNR. JACOBS : Ek wil net met u gaan na Constantia toe. Op die 11de was daar drie winkels langs mekaar. Ek wil vir u 'n foto toon. Is dit drie winkels in Constantia daardie? -- Ja, dit is die winkels.

En daar is drie winkels wat op 11 Februarie 1985 gebrand het. U kan sien daar op die foto's hoe dat hulle verbrand is voor? -- Ek ken al die eienaars van hierdie winkels.

Hulle het nog nooit aan my gesê dat die winkels van hulle aan die brand gesteek was nie. Dit wil sê op 11 Februarie (30)

aan/...

aan die brand gesteek was nie.

Stem u saam, volgens daardie foto's het daardie winkels
gebrand? -- Ja.

En u sê u het nog nooit kennis gedra dat daardie winkels
gebrand het nie? -- Ja.

Ek wil aan u 'n verdere foto toon van 'n winkel in Con-
stantia. Sê net vir my, hoekom maak jy aantekeninge op
jou hand? -- Ek is bekommerd oor die posisie van hierdie
winkels. Ek kan my nie voorstel dat hierdie winkels in
daardie posisie daar staan nie. Dit is hoekom ek hierdie(10)
aantekeninge maak.

Wat se aantekeninge is dit? -- Wat ek besig was om in
my hand aan te teken is om die posisies van die winkels te
kan plaas as ek nou terugdink. Nou sien ek dat dit reg
is, want daar is een winkel wat nie op die foto is nie. Dit
is wat my verwarr het. Dit is Mthimkhulu s'n. Die winkels
wat hier verskyn is Cecil, Mthimkhulu en Motsepe s'n. Daar
is nog 'n vierde een heel regs wat nie daar getoon word nie.
Dit is wat my 'n bietjie verwarr het.

Die volgende foto, is dit 'n winkel in Constantia? --(20)
Ja.

En daardie winkel is ook alles stukkend gegooi en die
klippe lê ook voor die winkel waar die ruite stukkend is?
-- Nee, ek het nie daardie winkels gesien nie.

Nee, maar daar op die foto? -- Ja, ek sien dit op die
foto.

Die volgende foto is 'n foto met die opschrift David Cash
Store. Dit is 'n winkel in Constantia. Is dit reg? -- Ja,
dit is reg.

En ook daardie winkel, volgens daardie foto, is die (30)

ruite/...

uite stukkend gegooi en daar is ook klippe voor die winkel waar die uite so stukkend gegooi is? -- Ja, ek sien die klippe daar.

En dan die laaste een van Constantia is Tsepo-Themba Stores. Is dit 'n winkel in Constantia? -- Nee, dit is nie in Constantia nie. Dit is in Phomolong.

En die winkel wat u sê in Phomolong is, se uite is ook almal stukkend gegooi? -- Ja. Hierdie een het ek daardie dag gesien.

Daardie dag? -- Ja.

(10)

Ek wil dit aan u stel, al daardie foto's wat u nou deurgegaan het van Constantia en hierdie een van Phomolong wat u gesien het, is almal aangeval op 11 Februarie 1985, die foto's is daardie dag geneem soos u dit nou daar gesien het?

-- Ek weet net van Tsepo-Themba s'n.

HOF : Weet u van aanvalle op winkels in Constantia op 'n ander tyd as 11 Februarie? -- Ja, wat gebeur het was die volgende. Op verskillende dae en datums, byvoorbeeld 'n man sou in dieoggend na jou toe kom en vir jou sê die vorige nag is my winkel aangeval, oopgebreek en goedere is of uit (20) gesteel of dit is verder beskadig.

MNR. JACOBS : Weet u van aanvalle deur groepe mense op winkels in Constantia? -- Ek het nie op daardie dag Constantia toe gegaan nie. Wat ek wel kan sê is dat op hierdie dag was dit deurmekaar gewees in die lokasie.

Is dit nie reg nie, jy kan nie betwissel dat daardie winkels is daardie dag met klippe aangeval nie? -- Ek kan dit nie betwissel nie.

In Phomolong, is die raad se drankwinkel daardie dag aangeval? -- Ja.

(30)

En/...

Er was hy ook stukkend gegooi en u het dit gesien en die klippe gesien lê daar voor die drankwinkel. Is dit reg? -- Ek het net gehoor van vir voorval by die drankwinkel. Ek het nie die klippe self gesien nie, want ek was nie soontoe nie.

En is daar ook baie drank uitgedra? -- Nee, ek het nie daarvan gehoor nie.

Maar u het mos daardie dag na Phomolong gegaan. Het u nie gesien dat die drankwinkel daar beskadig was nie? -- Nee, ek het nie na die rigting van die drankwinkel gegaan(10) nie.

Is dit reg dat daardie dag toe jy in Phomolong was was Lehloaonolo Cash Store aangeval? -- Watter een is dit nou? Ek ken nie hierdie winkel nie.

Ek sal jou geheue verfris. Hier is 'n foto, die twee winkels is langs mekaar en langs hom is nog 'n winkel Blue Ribbon Cash Store? -- Hierdie winkels is nie te Phomolong nie. Dit is winkels van Constantia.

Altwee van hulle? -- Ja.

U sien dat hulle is ook altwee stukkend gegooi? -- Ja,(20) ek sien dit.

Er baie klippe op die stoep? -- Ja, ek sien klippe daar.

Hierdie Lebohang Cash Store, kan jy vir ons sê waar is hy geleë? -- Nee, ek weet nie waar hierdie winkel is nie.

Is dit nie in Phomolong nie? -- Nee, ek ken nie die winkel nie.

Ken jy Ramosa se winkel? -- Nee, ek ken nie die winkel nie.

Is dit nie in Phomolong nie? -- Ek ken nie die winkel nie.

(30)

Die/...

Die foto wat ek aan u getoon het van Ramose is in Phomolong stel ek aan u en dit is ook daardie dag stukkend gegooi soos op die foto?

HOF : Wat is u besig om te doen, mnr. Jacobs? Ek het net nou vir u gesê ons is nie besig met 'n foto-uitstalling nie.

MNR. JACOBS : Ek wil net aantoon dat hier is nou al meer as vyf winkels wat beskadig is. Sy getuienis is tot die effek daar is net vyf winkels beskadig. Dit is een aspek wat ek met hom wil opneem.

HOF : Die advokaat stel aan u dat dit duidelik blyk uit (10) die foto's dat daar baie meer as vyf winkels beskadig was. Wil u u getuienis heroorweeg? -- Ek het gepraat van die winkels te Seeisoville en Phomolong.

MNR. JACOBS : Ek stel dit aan u dit is heelwat meer as vyf besighede wat beskadig is in Seeisoville en Phomolong?

MR BIZOS : I did not want to interrupt earlier. The evidence-in-chief is not what has been put. The evidence-in-chief was that there were five in Seeisoville and two in Phomolong and that is why I think the witness is confused. It has been put to him that he only said that there were (20) five in Seeisoville and Phomolong.

HOF : U getuienis was vyf in Seeisoville en twee in Phomolong? -- Al is dit so, ek sê dit nog, die besighede wat aan my op hierdie foto's getoon was, van hulle weet ek dat hulle van Constantia was.

MNR. JACOBS : Ken jy Himalaya Stores? -- Nee, ek ken nie die winkel nie.

En dit is geleë in Ou Lokasie? -- Waar in die ou lokasie? Ek wil vir jou 'n foto toon van hom. Ek weet nie waar in die ou lokasie nie. -- Ja, nou ken ek die winkel as (30)

ek/...

ek die foto sien.

Hy was ook aangeval daardie dag van die 11de en met klippe gegoci? -- Ja, ek weet nie, maar hierdie winkel is nie in Seeisoville of Phomolong nie.

Hy is in Ou Lokasie? -- Ja, hy is in die ou lokasie.

Ek wil vir jou nog twee foto's van winkels toon wat ek vir jou wil stel is ook in die ou lokasie geleë. Herken jy hulle? -- Nee, ek ken nie die winkels nie.

Toe u netnou gesê het daar was nie winkels in die ou lokasie was, was u ten minste verkeerd met die Himalaya Store.(10) Is dit reg? -- Ek het geweet van die bestaan van die Himalaya toe die eieraar daarvan mnr. Khoase was. Toe mnr. Khoase dit gelos het, was die inligting wat ek gehad het dat daardie besigheid nou sluit.

Ek wil dit verder aan u stel dat daar was heelwat padversperrings daardie dag in daardie woonbuurte?

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Was mnr. Khoase nog eienaar van Himalaya Stores in Februarie 1985? -- Watter een nou?

MNR. JACOBS : Himalaya Stores? -- Ek weet nie van Himalaya(20) se bestaan op daardie tydstip nie.

Jy het hom dan nou-nou geïdentifiseer en gesê jy onthou nou van Himalaya Stores. Wat is dit nou? -- In daardie tyd toe dit nog aan mnr. Khoase behoort het.

Op hierdie foto van Himalaya Stores, wie staan in die deur daar? Ken u daardie persoon? Is dit mnr. Khoase? -- Nee, dit is nie hy nie.

Ek wil dit aan u stel dat daardie winkel het geopereer in daardie tyd en daar was ander winkels wat geopereer het en wat aangeval was op 11 Februarie 1985? -- Nee, ek weet (30)

nie/...

nie van die winkels nie.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

LITHEBE ISHMAEL TAU, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mn. Tau, ek wil dit net aan u stel u is oor hierdie Himalaya Store in die ou lokasie heeltemal verkeerd. U winkel behoort aan mn. George Maphata? -- Ek weet nie daarvan dat George 'n winkeleienaar is nie. Ek het lanklaas eintlik van hom gehoor. Hy was 'n man wat al afgetree het.

En wat verder is, hierdie winkel waarvan u praat wat(10) mn. Khoase se winkel is wat u hierdie een mee geïdentifiseer het, staan skuins oorkant hierdie een?-- Nee, dit is nie die waarheid nie.

En daardie winkel behoort aan Ma Mkhoane? -- Nee, sy het nie meer 'n winkel daar nie. Sy is nie 'n winkeleienaar in die lokasie nie.

En mn. Khoase huur daardie winkel van haar? -- Nee.

En ek stel dit aan jou dat beide hierdie twee winkels staan naby 'n stopstraat? -- Praat u van die twee winkels wat ek sê wat nie meer gewerk het nie wat by die stopstraat (20) is?

Die geboue, die winkelgeboue?-- Nee, Khoase het 'n winkel in Seeisoville en hy is my buurman eintlik.

Ek stel dit ook aan u dat u in die ou lokasie, as u wil ry van Seeisoville af Kroonstad dorp toe, dan moet u voor hierdie winkel verby ry, altwee van hulle. Daar is 'n stopstraat en dit is 'n teerstraat en dan ry jy oor die stopstraat en dan gaan jy verder by die administrasiekantore verby en dan gaan jy Kroonstad dorp toe? -- Dit is reg, dit is die pad, maar ek gebruik nie daardie pad nie. (30)

Ek/..

Ek stel dit aan u elke keer as u van Seeisoville af Kroonstad dorp toe ry met die hoofpad, moet u by daardie winkels verby ry en u moes daardie dag gesien het dat hulle was ook aangeval gewees? -- Nee, dit is nie 'n pad vir almal om te gebruik nie. Dit is nie al die mense wat daardie pad gebruik nie.

Maar dit is die pad wat die mense vanaf Seeisoville en daardie dele gebruik, want dit is die hoof geteerde pad? -- Dit is nie die waarheid nie. Die pad is nie geteer nie. Nommer een. Tweedens, dit is 'n busroete uit die swart- (10) woonbuurt uit en daardie pad is nie 'n pad wat deur almal gebruik word nie.

En dit is die pad wat ook by die administrasiekantore verby gaan? -- Ja, dit gaan daar verby.

En ek wil dit ook nog verder aan u stel dat daardie winkel van mnr. Maphata, hierdie Himalaya Stores is, eenkant is 'n winkel en die ander kant is 'n haarkappersalon vir swartmense? -- Ek het gesê ek ken nie die winkel nie.

U het gesê dit is mnr. Khoase se winkel? -- Ek het gesê Khoase was die eienaar, maar dit is 'n lank terug dat hy (20) dit gelos het.

Kan u onthou dat daar langs daardie winkel, dat daar een deel 'n winkel was en een deel 'n swarthaarkappersalon? -- Ek ken nie die winkel nie.

En ek wil dit aan u stel dit kom ook so duidelik op die foto voor. Eenkant is die winkel en die ander deel is die haarkappersalon? -- Nee, ek ken nie daardie winkel nie.

En die naam van die haarkappersalon is Cold Stretch Hair Co Black. Daar is dit op die foto. Stem u saam?

Ek wil dit aan u stel dat hierdie besighede, beide die (30)

haarkappersalon/...

haarkappersalon en die winkel ... -- Nee, ek ken nie hierdie winkel nie.

Stem u saam daardie woorde staan daar bo-aan van die haarkappersalon? -- Ja, dit staan daar op geskryf.

HOF : Kan ek die foto sien, asseblief? Ja, die naam is baie groot en baie duidelik Himalaya Stores en aan die regterkant staan Cold Stretch Hair Co Black baie kleiner geskryf bo 'n venster. Aan die linkerkant staan The World en regs Sunday Times. Blykbaar adverteer dit advertensies.

MNR. JACOBS : Ek wil dit verder aan u stel dat daardie (10) winkel opereer huidiglik tot vandag toe nog? -- Ek weet nie daarvan nie.

HOF : Hoe ver is dit van u af? -- Omtrent twee kilometers. Die pad is nie die kortste pad om by die dorp Kroonstad uit te kom nie.

MNR. JACOBS : Gaan u na die administrasiekantore toe vir besigheid daar? -- Ja, ek gaan soortoe en op pad dorp toe gaan ek daar verby, by die administrasieraad se kantore.

Ek wil aan u 'n foto toon van die pad wat loop vanaf dit is die hoofpad in die woongebied, hy gaan verby, die (20) roete as 'n mens van Phomolong gaan, gaan jy verby Seeisoville, verby die administrasiekantore en dan gaan hy uit by die dorp en dat dit 'n teerpad is, wat u net nou gesê het 'n grondpad is? -- Ek ken hierdie pad wat hier getoon word. Dit is nie die pad wat nou net aan my beskryf is nie, want my ouers se huis as jy daar regs kyk, daardie huis daar, die eerste huis aan jou regterkant, soos jy na die foto kyk, is my ouers se huis. Ek ken hierdie pad. Dit is nie die pad wat u nou aan my beskryf het nie.

Is dit nie die burgemeester se huis nie? -- Die derde (30)

huis/...

huis, dit wil sê dit is ons huis, dan is daar 'n huis in die middel en dan die burgemeester se huis.

So, die burgemeester se huis is ook op daardie pad dan?

-- Ja.

En hierdie pad is bekend as Lethetsastraat? -- Ek ken nie die name van die strate nie, want die strate daar se name is nie opgesit nie.

Hoe lank woon jy in daardie woongebied? -- Ek is daar gebore in Kroonstad.

En u lewer seker goed ook af vir die mense as winke- (10) lier? -- Ja.

Dan moet u tog seker weet watter strate daar is, waar die strate is? -- Ons maak nie gebruik van die name van die strate daar nie. As u my byvoorbeeld my kan vra van 'n nommer en sê waar kry ek hierdie nommer hier, kan ek jou direk vat sonder om te gaan soek na die nommer by daardie huis en vir jou sê dit is die adres.

En as 'n mens met daardie pad aan ry soos die foto daar wys vorentoe na jou toe, watter rigting gaan jy? Gaan jy na die administrasiekantore toe of waarheen ry jy? -- Jy (20) gaan na Constantia toe.

En ook aan die teenoorgestelde kant, gaan jy dan deur Phomolong en Seeisoville? -- As jy in die teenoorgestelde rigting ry gaan jy na die administrasiekantore toe.

Die burgemeester se huis was daardie dag van 11 Februarie 1985 aangeval en met klippe gegooi? -- Ja, dit was aangeval.

Sy voertuig was omgekeer, sy Kombi? -- Ek weet nie van die Kombi nie.

En sy motor was aan die brand gesteek? -- Nee, ek weet nie van sy voertuig nie. (30)

Ek/...

Ek stel dit aan u daardie foto wat u nou in u besit het was daardie dag geneem van die onluste op 11 Februarie 1985. U kan dit nie betwiss nie? -- Nee.

En op daardie pad is daar heelwat padversperrings. Stem u saam? -- Ja, ek sien dit.

ŉ Groot bushuisie was daar in die pad ingesleep? -- Ja, ek sien daar is iets daar voor.

Wat lyk soos hierdie bushuisies, hierdie skerms wat opgesit word vir die mense by die busstop? -- Ja, dit lyk daarna. (10)

Dan is daar ook nog klippe in die pad duskant daardie bushuisie? -- Ja, ek sien klippe daar.

Dwarsoor die pad gepak? -- Ja, ek sien die klippe.

En dan voor die voertuig waaruit die foto geneem is lê daar nog 'n stuk ou huisgereedskap. Dit lyk amper soos 'n wasmasjien? -- Ja, ek sien dit.

HOF : Wie was die burgemeester? Mn. Koekoe? -- Ja, dit was mn. Koekoe.

MNR. JACOBS : Ek wil vir u 'n verdere foto toon en dit is van die hoofstraat daar in Seeisoville. Stem u saam? (20)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ekskuus tog, net voor u aangaan.

Mn. Koekoe het u gesê is u buurman? -- Dit is my pa se buurman.

MNR. JACOBS : Daardie foto is daar in Seeisoville geneem? -- Ja, dit is Seeisoville wat ek hier op sien.

En is dit die hoofpad, die teerpad? -- Ja, dit is 'n teerpad.

Wat by die winkels verby gaan? -- Ja, dit is by die winkels van Phomolong wat jy moet verby gaan.

Van daar af. Is daar 'n brandende versperring nog in(30)

die/...

die pad daar? -- Ja.

Op die foto? -- Ja.

Wat is dit wat daar brand? Kan jy agterkom? Lyk dit soos bande? -- Nee, ek kan nie sien wat dit is nie. Ek sien net daar is iets wat aan die brand is.

En dan is daar ook weer 'n bushuisie in die pad getrek? -- Ja, daar is hy.

Ek wil dit aan u stel daardie was daar gewees 11 Februarie 1985? -- Ek het dit nie gesien nie.

U sien, dit is vir my baie eienaardig, ek wil dit aan(10) u stel dat u moes dit gesien het toe u na Phomolong se winkels toe gegaan het vanaf Seeisoville? -- Ek is na Phomo- long se winkels toe om en by 17h00 na 17h30, 18h00 se kant toe en ek het dit nie op daardie tydstip gesien nie.

Dan wil ek dit aan u stel dan was daar meer rede dat u dit moes gesien het? -- Meer rede vir wat?

Dat jy daardie padversperrings moes gesien het? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Van watter tyd in die dag praat u? Is dit in die more vroeg of in die namiddag? -- In die nazid-(20) dag.

HOF : U het nou twee foto's gesien. Die een was van 'n stuk pad daar naby u ouers se huis, die burgemeester se huis en die ander een is 'n stuk pad in Seeisoville op pad na Phomclong? Weet u van enige ander geleenthede waar die pad so gelyk het behalwe op 11 Februarie 1985? -- Ja, dit was in 1986. Dit was die dag van die begrafnis van 'n kind wat geskiet was.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel die toneel waarna u nou gekyk het en u geheue verfris het is 'n foto wat geneem is op 11 Februarie 1985 en dit is die toestand waarin die (30)

pad/...

pad was op 11 Februarie 1985? -- Nee, ek weet nie.

U kan dit nie betwiss nie? -- Toe ek daar verby is, was dit nie so gewees nie.

Ek wil aan u nog 'n foto toon van 'n vragmotor wat dwars gedraai is in die pad.

HOF : Mn. Jacobs, ek dink u moet hierdie foto's maar inhandig, hierdie een en die vorige een, anders weet niemand waarvan ons gepraat het nie.

MR BIZOS : Could I ask that the one of the Himalaya Stores also be handed in. I will disclose the reason why. I (10) submit it is really a little ghost town like and that it may an explanation of the ...

COURT : Very well CA26 will be the Himalaya Stores.

K1202

MNR. JACOBS : Kan ons hulle 26.1, 2, en 3 inhandig?

HOF : Ja, ons kan dit maar so inhandig. CA26.1 word Himalaya Stores, die een waar die ou wasmasjien voor die "land-rover"se kap lê en die bushuisie wat blykbaar 'n bushuisie is word CA26.2 en CA26.3 is die foto met die brandende rookkolom daar op.

MNR. JACOBS : Ek wil aan u toon 'n foto van die pad wat (20) daarso, die hoofpad wat verby Phomolong gaan waarmee jy ook ry, net verby Phomolong, van 'n brandende huurmotor wat ook dwars getrek is en op die pad getrek is in daardie hoofpad. Kyk net daarna. Ken u daardie toneel? Of sal ons dit noem 'n brandende afleweringsvoertuig met 'n toe bak? En dat dit naby Phomolong is en veral naby Phomolong se besigheid-sentrum? -- Ek kan nie sien watter pad dit hierdie is nie. As u miskien vir my kan sê watter pad dit is?

Ek sê dit is die pad wat loop reg deur van Seeisoville, Phomolong en net as jy Phomolong verby gaan is daardie (30)

geneen/...

geneem op pad na Constantia toe? -- Ja, nou sien ek dit.

Stem jy saam? -- Maar daardie dag was ek nie by Constantia gewees nie.

Nee, maar my stelling aan u is daardie vraagmotor is op daardie pad wat ek nou net beskryf het. U stem saam dit is daardie pad, u herken dit nou? -- Ja, ek stem saam met u wat die pad betref.

En daardie foto is geneem net buitekant Phomolong naby die besigheidssentrums? -- Die winkelsentrum van Phomolong is omtrent ses strate vanaf hierdie straat waar hierdie trok (1C staan na regs.

Het u daardie gesien dat daar brandende voertuie of enigiets in die straat is want daardie foto is geneem op 11 Februarie 1985? -- Ek het nie by hierdie area uitgekom nie.

Sal ons daardie een inhandig as BEWYSSTUK CA26.4. Die dag van 11 Februarie 1985 toe u na Phomolong toe gegaan het vanaf Seeisoville, moes u verby die busterminus gaan? -- Ja, ek moes.

Nou wil ek vir u 'n foto toon van daardie pad naby die pad wat u moes gery het en naby die busterminus van Phomolong waarop daar voorkom weer 'n ander uitgebrande aflewerringsvoertuig wat ook dwars in die pad gedraai is, ook ander padversperrings en onder andere 'n tafel ook wat as 'n padversperring gebruik word? -- Watter plek is dit?

Dit is naby daardie busterminus in Phomolong? -- Nee, ek gaan nie by die busterminus van Phomolong verby nie.

Gaan u nie by die busterminus verby nie? -- Nee.

En toe u nou-nou gesê het u moet by hom verby gaan voor ek die foto aan u getoon het, het u 'n fout gemaak en nie vir die hof die waarheid vertel nie? -- U weet, ek het bietjie(30

h/...

ŉ probleem. Wat is eintlik 'n bustermínus? Dit is die gebruik van daardie woord wat my pla.

HOF : U het hom die eerste keer geantwoord. Wat het u bedoel toe u hom die eerste keer geantwoord het? -- Ek het aanvaar dat dit by 'n plek is waar die bus stop.

MNR. JACOBS : Vir Phomolong? -- Ek gaan nie daar verby nie.

Ek stel dit aan u - ek wil daardie foto inhändig as BEWYSSTUK CA26.5.

HOF : Wat wys die foto?

MNR. JACOBS : Padversperrings.

(10)

HOF : Wat daarvan? Die plek is nie eers bepaal nie. Ons weet nie eers waar dit is nie. Hierdie ander foto's is almal gedefinieer. Hy het gesê dit is die plek, dit is hierdie plek. Die enigste geskilpunt oor die ander foto's is die datum. Hierdie een weet ons nie eers of hy in Seeisoville geneem is nie.

MNR. JACOBS : Ek het dit aanvanklik aan hom gestel - ek sal dit dan net weer duidelik kry. Daardie pad waarop daardie versperrings is, is die pad wat van Seeisoville af loop verby Phomolong en verby die busstop? Of bustermínus? -- Ja, u(20) praat nou van 'n busstop en 'n bustermínus. Ek verstaan nou nie waarvan u praat nie.

Kom ons gebruik die eerste terme wat ons netnou gebruik het die bustermínus? -- Van Seeisoville af ry ek met daardie pad wat in die vorige foto getoon was waar 'n mens die burgemeester se huis kan sien. Dit is Koekoe se huis, dan draai ek net kort na ek daar verby is links na my pa se plek.

En verby die bustermínus daar in Phomolong? -- Nee.

So, u verander nou u getuienis dat u verby die bustermínus gery het? -- Ek gaan nie by 'n bustermínus verby nie. (30)

Ken/...

Ken u daardie plek? -- Waar die busse draai, ja, ek ken daardie plek.

En waar die busse dan gaan stop, ken u dit daar op die foto? Is dit in die omgewing daarvan? -- Ja, daardie stukkie aan my regterkant soos ek na die foto kyk.

En ek stel dit aan u dit is op die pad wat u ry van Seeisoville na Phomolong verby daardie busse wat daar uitsteek aan die regterkant? -- Nee.

En dit is die pad wat u moet ry daardie en dit is 'n teerpad ook? -- Nee, ek gaan nie daar verby nie. (10)

Ek stel aan u daar was padversperrings en u is nie eerlik met die hof as u sê dat daardie dag was daar nie padversperrings nie en u het nie padversperrings gesien nie? -- Nie by die punte waar ek gery het nie. Daar was nie padversperrings gewees nie.

Is dit korrek dat julle was ontevrede gewees, julle winkeliers omdat julle winkels aangeval was. Is dit reg? -- Ja, dit is reg.

Het julle winkeliers toe samesprekings gevoer daaroor? -- Ja, ons het. (20)

Het julle toe ook besluit dat julle moet die mense wat verantwoordelik is nader om te sê hulle moet dit nie doen nie, want julle is nie vyandiggesend nie? -- Ons het nie die persone geken nie.

Het julle met mngr. Bloem gaan samesprekings voer? -- Nee, ons het nie.

Het julle met die organisasies wat hierdie onluste of die skoolboikot - hulle gaan spreek of met hulle samesprekings gevoer? -- Nee.

U sien, want die getuienis is hier en ek wil probeer (30)

uitvind/...

uitvind hoe dit sin maak dat beskuldigde nr. 20 en mnr.

Bloem gesê het by die begrafnisse dat as die mense grieve het moet hulle dit nie uit hulle eie uit oplos nie, hulle moet samesprekings gaan voer? Was dit nie op julle uitnodiging dat hulle met julle moet samesprekings voer nie? -- Ek het nog nooit saam met hulle byeen gekom omtrent hierdie voorval nie.

Wat het julle winkeliere besluit hoe gaan julle die ding oplos dat julle winkels nie so aangeval en beskadig word nie? -- Op daardie tydstip het ons niks in gedagte (10) gehad wat as oplossing gebruik kon word nie.

Het julle op 'n later tyd 'n oplossing gehad? -- Na die dag van hierdie voorval, dit wil sê na 'n paar dae na die dag van die voorval, het die winkeleienaars toe gehoor waar die goedere was wat by die winkels weggeneem en dus het hulle daarvan gepraat dat dit opgevolg moet word in die nag om dit terug te vind.

HOF : Hoekom in die nag? -- Met die oog daarop om die mense te vang terwyl hulle nog aan die slaap is in die nag.

MNR. JACOBS : Die besigheidsmense wat die samesprekings (20) gevoer het, is dit al die besigheidsmense van Seeisoville, Phomolong, Constantia en Ou Lokasie? -- Dit was al die winkeleienaars, maar ongelukkig ken ek nie die besigheid- of winkeleienaars van die ou lokasie nie.

Hoewel jy hulle nie geken het nie, was daar mense van die ou lokasie? -- Nee.

Of weet jy nie? -- Daar is nie besigheidsmense in die ou lokasie nie.

En van Constantia s'n, was hulle daar? -- Ja, hulle was.

Was mnr. Bloem ook daar? -- Nee, hy was nie daar nie. (30)

Hy/...

Hy is ook mos 'n besigheidseienaar van Constantia? --

Bloem se winkel is in Brentpark.

Was daar enige van Brentpark se mense? -- Nee, hulle was nie teenwoordig nie.

Op enige stadium, was u al in Bloem se besigheid gewees? -- Ja, ek was al daar.

Was die verskeie kere gewees? -- Ja, op verskeie kere.

Was dit in die jaar 1985/84? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie, maar wat ek wel kan sê is dat in daardie jaar 1985 het ek nog nie begin met die verkoop van die aartap-(10)pels nie.

So, moet dit dan in - watter jaar het u dan in sy besigheid gekom? -- Ek het begin aartappels verkoop in Aprilmaand 1986.

Het u hom daar gekry? Dit is vir mnr. Bloem in April 1986? -- Ek kan nie meer onthou nie, want hy was af en toe in hegtenis geneem op verskeie kere en dan kom hy terug. Nou kan ek nie meer onthou nie.

Is dit reg dat as 'n mens inkom by die voorkant van sy winkel dan kom 'n mens in, die voordeur sit naby die, as (20)'n mens ingaan, aan die regterhoek van die winkel? Nie op die hoek nie, naby die hoek? -- Ek kan nie meer onthou hoe staan die winkel van mnr. Bloem nie.

As jy inkom by die deur, kan jy onthou dat die toonbank is reg voor jou? -- Ja, daar is 'n toonbank reg voor jou.

En as jy instap van die deur af, dan is daar 'n oop spasie wat jy loop om by die toonbank te kom? Is dit nie dat daar ook nog tafels staan vir 'n kafee-afdeling ook nie? -- Hy het baie toonbankie. Ek dink nog hoe staan daardie plek. In 'n L-vorm. As jy ingaan kry jy 'n toonbank reg (30) voor/...

voor jou wat dwars voor jou is. As jy meer links skuif kry jy 'n yskas van Coke, die lang een wat hoog staan. Langs daardie yskas kry jy weer 'n toonbank. Dit altesaam vorm 'n L.

Van die deur tot by die toonbanke wat die L vorm is daar 'n spasie waar daar tafels is waar mense sit wat iets daar wil geniet? -- Ja.

En as 'n mens ingaan by die deur op jou regterkant, nou nie links nie, is daar 'n muur? -- Ja, daar is 'n muur.

En op daardie muur was daar baie plakkate en advertensies? -- Ek onthou dat ek gesien het dat daar iets geskryf is. (10)

Het jy gesien daar was plakkate van UDF gewees? -- Ek weet nie wat op daardie muur geskryf was nie.

Was daar baie plakkate op? -- Ja, daar was baie plakkate gewees van verskillende tipe. Daar was ook kaarte gewees, landkaarte.

En as 'n mens by die deur inkom tussen die deur aan die linkerkant en die yskas wat u sê 'n hoë yskas was waarin koeldrank kom, was daar ook 'n spasie gewees teen die muur waar daar plakkate was? -- Ek het dit nie gesien nie, maar as ek reg onthou het ek wel 'n plakkaat gesien by daardie (20) plek waar hy my altyd betaal het as ek afleverings doen. Daar was 'n plakkaat gewees.

Waar het hy jou altyd betaal? -- Daar staan 'n kombuis-yskas. Ek weet nie of hy dit beskou as 'n kantoor nie, maar dit is 'n plekkie daar wat hy altyd gebruik het om my te gaan betaal.

Wat se plakkaat het jy daar gesien? -- Ek het die UDF s'n gesien. Op die plakkaat self is daar 'n embleem op aangebring van persone wat 'n vlag dra en nog ander persone in die agtergrond van die vlagdraers. (30)

Het/...

Het jy geweet dat mnr. Bloem is 'n man wat baie nou verbonde is met die aktiwiteite van die UDF? -- Destyds?

Ja, destyds? -- Nee, ek het nie geweet nie.

Het jy hom nie die kere wat jy hom gesien het gesien dat hy ook 'n UDF T-hempie dra nie? -- Ek het hom nie so baie in 1985 gesien nie, behalwe dat ek kan sê dat ek hom by die groothandelaars gesien het. Dit is al plek waar ek hom gesien het.

Maar antwoord nou maar net my vraag. Het jy gesien dat hy UDF T-hempies dra? -- Ja. (10)

Het hy nie aan jou ook 'n T-hempie probeer verkoop nie? -- Nee, hy het nie probeer nie.

Het hy nie vir jou gevra om aan te sluit by UDF nie? -- Nee, hy het nie.

U as winkelier en slagter het tog seker baie kere jong mense gesien daarso in die woongebied dat hulle T-hempies dra? -- Nie in 1985 nie. Ek het nie T-hempies van organisasies gesien nie.

Ken u die COSAS T-hempie? -- Nee, ek ken dit nie.

Het jy ooit gesien hoe lyk die COSAS T-hempie? -- Nee, (20) ek het dit nog nie gesien nie.

En AZASO T-hempies? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Nog nooit gesien nie? -- Nee, nog nie gesien nie.

Hoekom het u nie die begrafnis van 21 Februarie - 18 Februarie 1985 bygewoon nie? -- Ek het laat teruggekom. Ek sou gegaan het.

Die persoon wat daar begrawe is, was hy doodgeskiet in die onluste daar by die winkels wat aangeval was? -- Ek het eers die volgende môre gehoor dat die persoon dood is. Hoe hy sy dood ontmoet het, weet ek nie. (30)

Daar/...

Daar by die winkels tydens die onluste? -- Ja, dit was gesê dat hy by die winkels dood is.

Het jy geweet dat dit tydens die onluste was wat daar was en dat dit tydens 'n botsing was tussen die mense wat die winkels aangeval het en die polisie? -- Ek weet nie so goed nie. Daar was so baie stories wat hulle vertel het daar.

Die middag na die begrafnis van daardie persoon op 18 Februarie, toe beskuldigde nr. 20 en Bloem daar weggenoem was, het hulle T-hempies aangehad? -- Ja, hulle het (10) T-hempies aangehad.

Wat se T-hempies? -- Daarop was UDF geskryf.

Nadat hulle weg is, het daar niks verder daar gebeur nie? -- Nee, niks nie. Daar het niks verder gebeur nie, behalwe dat toe ons nou weggetrek het vanaf die ou lokasie na Seeisoville toe, het ek die geklap van vuurwapens gehoor.

Dit is nou op 18 Februarie 1985? -- Het u nie gespraat van Lekota se dood nie? Nee, nee, het u nie gespraat van die dood waar Lekota teenwoordig was nie?

Ja? -- Ek het gehoor dan dat u stelling was dat dit (20) gaan oor die 18de?

Ja, ek het vir u gevra ... (Hof kom tussenbei)

HCF : Wanneer sê u was hy daar? -- Op die 18de.

Nou wat is u probleem? -- O, nee, nee, ek het gespraat van Seeiso. Nou verstaan ek. Ek het gespraat van dat ek op pad was na Seeisoville toe, toe ek die geklap van vuurwapens gehoor het.

MME. JACOBS : Is dit nou die 18de Februarie 1985? -- Ja.

Waarvanaf was u op pad na Seeisoville toe? -- Ek was van Matches se huis af. (30)

ASSESSOR/...

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nadat mnr. Lekota en mnr.

Bloem gearresteer is? -- Ja.

MNR. JACOBS : Waar was die geklap van vuurwapens? -- Vaniewers daar in Seeisoville.

Nie van die huis van die oorledene af nie, van Matches?

-- Nee, nee, daar was hoegenaamd nie by Matches nie.

So, jy is op pad na Seeisoville na jou huis toe, toe hoor jy die geklap daar. Wat sien jy toe? Wat se geklap is dit? -- Die geluide van vuurwapens "doep, doep, doep."

Maar toe jy in Seeisoville kom het jy tog seker gesien(10) waar kom die geklap vandaan of waar word geskiet? -- Ek hou nie daarvan om naby 'n vuurwapen te kom nie.

Maar was daar mense wat rondgehardloop het? Wat het jy opgemerk? Jy het dit opgehaal hier van skote wat jy daar gehoor het in Seeisoville. Nou wil ek weet wat se skote was dit, waarna was geskiet? -- Ek woon in die nabijheid van die polisiestasie. Ek het toe opgemerk dat die polisievoertuie heen en weer gery het in die lokasie in en terug na die polisiestasie toe.

Waarna is geskiet? -- Ek weet net nie wat hulle nou (20) besig was om te skiet nie.

Het jy gesien dat polisie skiet? -- Nee, glad nie.

Was daar baie mense in Seeisoville wat rond en bont beweeg het of gehardloop het in die strate? -- Nee, daar in ons omgewing was dit stil gewees.

En soos wat jy gekom het vanaf die oorledene se huis tot by jou huis, tot naby die polisiestasie, was alles eintlik stil? -- Ja, dit was stil gewees.

Die begrafenis van die 21ste, jy het vir die hof gesê jy het daar aangekom toe die stoet omtrent tien treë weg (30)

was/...

was van die huis af. Onthou jy dit? -- Ja.

